View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Academy of Science of South Africa (ASSAf): Open Journal Systems

na die betrokke digbundel self terug te stuur, en self te bepaal waarom die individuele verse sowel as die somtotaal die leser onbevredig laat. 'n Mens wil nie digters en hul skryfsels in 'n taal wat in 'n gevaarsone verkeer, versmaai, en die gelukkiger oomblikke in 'n nuwe bundel verontagsaam nie, maar 'n taal het behoefte aan die geslypte woord in sy mees glinsterende gestalte, waardeur dit verras, betower, meevoer, begeester en verdiep.

Wanneer Hambidge afstand doen van haar neiging tot 'n oorproduksie van bundels met hul oormaat van ongemotiveerde herhalings, houterige konstruksies, gemeenplasighede, oortollige en voorspelbare woordgebruik, onfunksionele en dus onoortuigende enumerasie, futlose en moeë woordkeuses en -kombinasies en 'n oorwegend beperkte tematiese register, en begin om die gebeente en senuwees van die taal en die menslike kondisie spaarsamer bloot te lê en met asem van die digter te bestryk, mag die hartklop van die suiwer gedig ontstaan.

Die aanleiding van 'n digterskap is reeds lank by Hambidge teenwoordig, maar haar lesers wag op die rilling.

*Zandra Bezuidenhout*
Taalpraktisyn, Stellenbosch

**Boomplaats.**
Gilbert Gibson. Kaapstad: Tafelberg. 2005. 99pp. ISBN 0-62404-262-6.

"mens kan 'n plaas klein bêre, so"

Hier is 'n skaars artikel: 'n debuutbundel van 'n Afrikaanse digter by 'n uitgewer waar nuwelinge nogal moeite het om afsonderlik te publiseer en daar ook nie maklik gebyt word aan manuskripte van ingesetenes in hierdie genre nie. Maar nog verblydender is die gehalte van die verse waarmee Gilbert Gibson met *Boomplaats* sy formele intrede tot die Afrikaanse poësie maak (hoewel hy reeds in *Nuwe Stemme* 2 – Tafelberg, 2001 – gepubliseer het), want vir 'n debutant kom hy met 'n kragtoer vorendag.

Dit is 'n bundel wat hom nie maklik laat resenseer nie, hoofsaaklik omdat daar soveel aspekte is wat kommentaar verdien, maar ook omdat daardie elemente wat 'n versameling gedigte werklik eersteklas maak, per definisie "ontglippend" is. As poësie jou uitboul, behoef dit veral nie 'n wavrag woorde en verduidelikings nie. Enkele opmerkings kan egter 'n voorlopige omlysting verskaf en lesers hopelik prikkel om self hieroor te besin.

Mens sou die byna honderd gedigte "Vrystaatse verse" kon noem, want dit verraai 'n sekere streeksgebondenheid (daar word selfs 'n landkaart afgedruk) terwyl dit terselfdertyd ver bo die lokale uitstyg. Die digter is sterk bewus van sy omgewing, geskiedenis en tradisies, maar veral van die algemene menslike kondisie wat binne hierdie referensiekader vergestalt word. Hy gebruik 'n bekende historiese slagveld as bundeltitel (en pas dit implisiet toe op die slagveld van die lewe of "hedendaagse gevegte"), maak ruim gebruik van plek-, familie- en plaasname (Heilbron, Fouriesburg, Bloemfontein, Clarens en ander dorpe kom ter sprake), en verwys telkemale na tipiese dinge van die Vrystaatse platteland en plaaslewe wat hom klaarblyklik na aan die hart lê. Hy ken dié wêreld tot in sy grein – van sy rantjies, "masseyferguson" en bonsmara-verse tot die mense van sy streek.en die blikblomme op hul grafte. Hy bedink die lewe en die sterwe, die liefde, erotiek en die leed wat daarin votrek word van binne en van buite; dit ontroer hom, en hy vind taal en stiltes om dit ewe indirek as innig by die leser wakker te roep. Dit is



14 Resensies 03.pmd 190 1/27/2006, 2:06 PM

'n soort herinneringsliteratuur wat ondanks sy Vrystaatse metaforiek lesers uit alle oorde behoort aan te spreek, ook vanweë die kontrapunt wat die digter in die eietydse *Pick 'n Pay*, dstv-skottels en suburbia vind.

As dit klink na nog iemand se beheptheid met die streek van sy geboorte en grootword, is hierdie verse allermins voorspelbaar en gewoon. Die varsheid waarmee hierdie vakman die woord hanteer om die Vrystaat (en die lewe) in sy verbluffende helderte te laat opstaan, is uniek. Hy maak woorde uit woorde; skep taal uit denke, en denke uit taal. Hier is nie sprake van gewone impressies en enumerasie nie; hiervoor is Gibson te veel van 'n kunstenaar. Hy druk hom kragtig uit, met 'n ingehoue sin vir liriek, en met behulp van 'n besonder subtiele en afgeronde vormgewing en wisselende ritmiek waardeur die stof, insluitende die soeke na die self, begin lewe, meestal danksy die afwesigheid van pretensie of dwang. Dit is werk wat stadig en proe-proe gelees moet word, en soos alle hoogstaande woordkuns, liefs hard-op, om die verskillende pouseringe en nuanses selfs fyner te hoor. Dit is nodeloos om hier voorbeelde uit te sonder – dis gewoon oral teenwoordig – hierdie musiek van Gibson se spontaan-ogende maar komplekse poësie, behalwe in enkele gevalle waar die minder goeies net-net deur die bestes in die skadu gestel word.

Nog 'n wins is die vernuftige aanwending van terme uit die mediese wêreld waarmee hierdie dokter-digter die poësieregister verryk ("veneuse", "siliaar", "strabisme"). Baie gepas is die woordelys agter in die bundel, wat sorg dat jou aandag nie kort-kort deur lastige voetnote afgetrek word nie. Hierdie vakterminologie oorweldig nie; dit word spaarsaam, terloops en gemotiveerd aangewend om poësie te maak. So ontstaan 'n deurlopend klankryke, betekenisvolle en misterieuse laag in die betrokke gedigte waarin volbloed Afrikaanse woorde, hoewel soms (genadiglik) minder bekend, hul lê kom kry. Ook gebeure so vreemd-alledaags soos die sterwensoomblik verkry 'n magiese kwaliteit, danksy die invalshoek waarmee hy dit aanbied ('"ë/ vir 'n oomblik wild soos in/ die toendra").

'n Mens sou nog enersyds kon verwys na die verrassende en oënskynlik toevallige aanwending van verskillende rymtegnieke ("vreeslik Vrystaats", "limf en liddiet" "karsinoom/ garingboom", "kwyn/ Petrus Steyn"), en die talryke nuwe samestellings met onder aandere "Vrystaat" soos "vrystaatskroei" en "vrystaatgod"; en andersyds na die ruim maar weereens subtiele gebruik van Bybelse, literêre en liedjie-intertekste, neologismes ("swalp", "glins") , woordspel ("gaandeweg vergaan"), woordvondste ("gewindjakker", "allesweet-oë", "ander astigmatiese diere"), en opwindende voorbeelde van funksiewisseling van een reël na die ander, soos in "heuwel", met sy omskakeling van naam- en werkwoorde.

Die tekste is gelaai en evokatief, goed gekomponeer, met pragtige kadanse. Dit is oorspronklik, verfrissend en 'n genot om te lees, en tegelyk afstandelik en diep betrokke. Hierdie fyn balans, tesame met die slaankrag van delikate metafore ("die heilige skrif/ vanuit die inkant van 'n blaar") en die dikwels inkanterende werking van klein herhalingseffekte ("oom was 'n sinsjaleman"), is van die elemente wat van *Boomplaats* 'n dankbare aanwins vir die Afrikaanse digkuns maak, ook die jongeres gaan aanspreek, en veel goeds vir die toekoms voorspel.

*Zandra Bezuidenhout*
Taalpraktisyn, Stellenbosch



14 Resensies 03.pmd 191 1/27/2006, 2:06 PM